



SIMPOSIUM OOR AFRIKAANS - MOEDERTAAL EN GELOOFSTAAL

ANDREW MURRAY SENTRUM VIR SPIRITUALITEIT IN WELLINGTON

11&12 AUGUSTUS 2023

Die Afrikaanse Taalraad en Hugenote Kollege nooi akademië, filosowe, kerkmense en ander belangstellendes om saam te dink en droom oor Afrikaans as geloofstaal.

Die simposium vind plaas in die pragtige Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington, 'n wonderlike saamkomplek wat deurdrenk is van geloofsgeskiedenis en taalstories.

Die simposium oor Afrikaans as geloofstaal mik daarop om die skakel tussen taal en geloof op 'n konstruktiewe wyse te belig. Die bedoeling is ook om sodoende 'n basis vir verdere gesprek te skep.

Ons nooi belangstellendes dus uit om bydraes te lewer oor sake soos:

- Hoekom skuif kerke en gemeentes so dikwels van Afrikaans oor na Engels as geloofstaal? Hoekom dien tweetaligheid so dikwels as 'n oorgang na Engelse eentaligheid? En hoekom skuif getroue Afrikaanse kerkmense so dikwels uit Afrikaanse gemeentes na kerke waar hulle dan in Engels aanbid, Bybel lees en sing?
- Is dit belangrik dat teologiese opleiding in Afrikaans plaasvind en wat is die impak van die verengelsing hiervan op Afrikaans as geloofstaal? Wat beteken die teologiese konsepte van inkulturasie en kontekstualisering vir die toekoms van Afrikaans as geloofstaal?
- Watter beweegredes, aannames of politieke ideologieë steek agter hierdie verskynsels? Bestaan daar noodwendig enige verband tussen die toekoms van Afrikaans as geloofstaal en resente gesprekke oor "witheid" en "wit bevoorregting"? Gesprekke oor Afrikaans as geloofstaal strek immers oor die rassegrense heen.
- Wat is die impak van demografiese tendense op Afrikaans as geloofstaal? Hoe kan Afrikaans as geloofstaal onder hierdie omstandighede floreer? Word doelwitte soos insluiting, inklusiwiteit, versoening en die groei van gemeentes deur verengelsing bereik?
- Hoe verstaan leraars en gemeentelede die rol van taal, veral Afrikaans, in geloof en aanbidding? Watter persepsies bestaan oor die voordele wat Engels vir 'n kerk bring? Hoe sistematies hanteer gelowiges die gebruik en bestuur van taal of meertaligheid in hulle gemeentes.
- Wat is die bedoelde en onbedoelde gevolge van taalverskuiwings binne gemeentes of kerkstrukture vir leraars, gelowiges, hulle gesinne en gemeentes? Wat is die impak op die oordrag van die Boodskap? Wat is die impak daarvan op die wyer Afrikaanse leefwêreld en kultuur? Wie gaan die Bybel oor 30 jaar in eietydse Afrikaans vertaal?
- Hoe kan Afrikaans as geloofstaal, hetsy binne 'n eentalige of meertalige konteks, beter bestuur word? Wat is die basiese beginsels van goeie taalbestuur? Hoe kan verseker word dat

leraars en gemeentelêde oor die nodige kennis en vaardighede beskik om taal effektief te vergestalt? Watter navorsing kan help om taal een meertaligheid beter in kerke en gemeentes te bestuur?

Wat doen ek indien ek 'n referaat wil lewer?

U word uitgenooi om voorstelle vir 'n aanbieding/referaat voor 20 Junie 2023 in te dien by dr. Conrad Steenkamp (conrad@afrikaansetaalraad.co.za). Voorstelle moenie langer as 250 - 300 woorde wees nie. U sal dan binne twee weke inligting ontvang oor die aanvaarding van die voorstel en 'n aanbieding by die simposium.

Kan ek net saamluister en -praat sonder om 'n referaat te lewer?

Daar sal ook plek wees vir persone wat belangstel om deel te neem sonder om 'n aanbieding te lewer. Vir 'n goeie belewenis van die gesprek word persoonlike deelname egter aangemoedig.

Kontakbesonderhede

Indien u belangstel om die simposium by te woon, kontak Me. Hesmarie Bosman by bestuur@hugenote.com of 0218731181 x 1021

Kostes

Deelnemers sal hulle eie akkommodasie moet dek. Skakel met Me. Hesmarie Bosman by bestuur@hugenote.com of 0218731181 x 1021 indien u 'n kamer in die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit wil boek.

Ons hoop deelnemers se instansies sal hulle vlugte kan dek. Skakel egter met Ria Olivier by ria@afrikaansetaalraad.co.za indien daar in die verband onoorkombare probleme is.

Merk asseblief voorlopig die geleentheid in u dagboek. Meer inligting oor die skedule sal weldra beskikbaar wees.

